my kantoor is op die internet!

Francis van Wyk is 'n virtuele vrou ... van vlees en bloed. En al is die aardbol haar kantoor, doen sy haar ding meestal tuis. Sy is dalk jou man se assistent, of jou buurvrou s'n. Sal jy ooit weet?

Met die kliek van 'n knoppie, kyk jy wat gaan aan op 'n straathoek in Hongkong. Nou-nou gesels jy met jou vriendin in Kanada en jy sien haar hare is baie mooi gesny. Jy doen dit alles terwyl jy knus in jou huis in Kaapstad sit ... of in Lady Grey.

Die wêreld het klein geword. As jy oor enigiets wonder, gaan *Google* jy dit gou. Nuwe media se moontlikhede is legio. En dit weet Francis van Wyk, mede-eienaar van Be Virtual Assistant Wise baie goed.

Saam met haar vennoot, Marietjie Steyn, het hulle hierdie virtuele besigheid begin. Dit kan jou basies met enigiets in die kantoor help (behalwe dalk met koffie maak ... maar hulle kan dit vir jou beste!). Hulle help jou selfs om jou eie soortgelyke besigheid op die been te bring.

"My werk het geografiese grense laat verdwyn. Die wêreld het regtig my oester geraak, my werksplek."

Op www.be-virtual-assistant-wise.com kan jy gaan uitvind presies hoe. Francis, 'n wetenskaplike, het besluit om 'n internet-gegronde onderneming te begin omdat haar man Albert, 'n chemiese ingenieur, 'n paar jaar gelede 'n werkgeleentheid in Katar in die Persiese Golf aangebied is.

"Dit was die begin van verskeie internasionale geleenthede vir hom. As gesin moes ons besluit of ons hierdie geleenthede gaan aanvaar of nie. Al klink dit opwindend, sou dit ons lewe vir altyd verander," sê Francis. "Ek sou noodgedwonge my loopbaan as wetenskaplike moes verruil vir iets wat ek vanaf enige plek in die wêreld kon doen. Die geweldige ontwikkeling in die internet- en kommunikasietegnologie het my besluit amper maklik gemaak ... ek sou iets moes doen waar ek die internet as medium kon gebruik.

"Kantoorondersteuning en sekretariële dienste via die internet het dadelik my aandag getrek. As nuwe opkomende bedryf het dit soveel voordele gebied – vir die vroue (of virtuele assistente) wat hierdie dienste bied, en ook vir die sakeondernemings wat daarvan gebruik wil maak.

"Die dienste sluit onder meer in administratiewe take soos tikwerk, kalender- en kliëntebestuur, die opstel en bestuur van databasisse, reisbesprekings, konferensiebesprekings, transkripsietake en internetbemarking.

"My werk het geografiese grense laat verdwyn. Die wêreld het regtig my oester geraak, my werksplek. Want jy kan virtuele kantoorondersteuningsdienste letterlik aan enige persoon in enige deel van die wêreld lewer," vertel Francis. Dink net, jy werk die wêreld vol van jou huis af! Daarom is dit bekostigbaar om jou eie internetonderneming te begin. En jy kan ook genoeg aandag aan jou gesin gee, soos Francis agtergekom het met haar dogtertjie, Marené (9), wat sy nou meer by haar kan hê.

Danksy haar nuwe besigheid kon die gesin in November 2009 gemaklik vir 'n paar jaar na Katar vertrek.

"Moenie bang wees vir die internet nie," vertel Francis. "Speel rond en ontdek jou potensiaal en die potensiaal van internettegnologieë. Dit is ook handig om betrokke te raak by internetorganisasies wat fokus op die rigting waarin jy spesialiseer. Neem deel aan hulle aanlynforums – jy kry die vinnigste en die meeste inligting daar.

"Wees aanpasbaar en bereid om daagliks nuwe dinge te leer. Ek eksperimenteer graag, en hoe meer ek dit doen, hoe makliker en lekkerder raak dit. As jy self jou webwerf wil ontwikkel, kies 'n goeie webgasheerdiens wat heeltydse ondersteuning bied.

"Baie Suid-Afrikaanse vroue is nog huiwerig om iets nuuts en onbekends aan te pak. Maar die enigste manier om 'n sukses daarvan te maak is om so te besluit! Besluit om elke dag meer te leer. Moenie bang wees om foute te maak nie, jy kan heelwat daardeur ontwikkel. En wanneer jy vasbrand, moet jy bereid wees om die hulp van kundige persone in te roep," sê sy. "Die omgewing ontwikkel so vinnig, jy leer elke dag iets nuuts – hoe opwindend!" F

Artikel Helen Ueckermann Foto Stacey Venter

Hare & grimering: Anita Mcgrath Produksie: Annelize Opperman